# HOOFSTUK 7

## 7. EMPIRIESE ONDERSOEK: VRAELYSMETODE

### 7.1 Inleiding

In die keuse van 'n wetenskaplike metode om die probleem (kyk par. 1.2) na te vors, is besluit op die deskriptiewe navorsingsmetode. As hulp= middel in die versameling van bestaande kennis en gegewens in verband met die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind in die opleidingsen= trum, is die vraelysmetode as die mees toepaslike tegniese middel bevind.

In hierdie hoofstuk sal daar eerstens aandag gegee word aan die motive= ring van die vraelysmetode as wetenskaplike tegniek in die empiriese on= dersoek van dié betrokke onderwerp. Die samestelling en toepassing van die vraelys, respondente en terugontvangstes sal daarna bespreek word.

### 7.2 Motivering van die ondersoekmiddel

Met dié ontdekking deur Lejeune, Gautier en Turpin van 'n ekstra chromo= soom in die kind met Downsindroom in 1959,het Downsindroom 'n vrugbare navorsingsveld in Brittanje en veral Amerika geword. 'n Groot aantal na= vorsers het verskillende ontwikkelingsaspekte van dié kind in inrigtings (tehuise) en later opleidingsentrums bestudeer. Hierdie studie steun daar= om in 'n baie groot mate op die bevindings van Amerikaanse navorsers. Ten opsigte van Downsindroom is daar 'n beperkte aantal monografieë beskikbaar; daarom vorm tydskrifartikels die grootste enkele verwysingsbron.

Navorsing oor Downsindroom in Suid-Afrika is beperk tot enkele sosio-kultu= rele vraagstukke ten opsigte van huis- en inrigtingversorging en 'n Rors= chach-studie om kenmerkende persoonlikheidskenmerke van die Downsindroomge= valle bloot te lê. Die Suidelike-Afrikaanse Vereniging vir Oorgeërfde Siek= tes verskaf genetiese raadgewing, maar ondersteun ook navorsing in die oorsake, behandeling en voorkoming van oorerflike siektes. Publikasies is

egter tot die minimum beperk. In die tydskrif van die Suid-Afrikaanse Na= sionale Raad vir Geestesgesondheid het daar in die bestek van sewe jaar twee artikels oor Downsindroom verskyn.

Uit bovermelde gegewens is dit duidelik dat daar ten opsigte van die oplei= bare geestelik vertraagde Downsindroomkind in die opleidingsentrums in Suid-Afrika geen teoretiese raamwerk van bepaalde agterstande, besondere vaardighede en mate van opleibaarheid of onopleibaarheid bestaan nie. Daar= om is die metode van ondersoek daarop ingestel om uit 'n diepgaande litera= tuurstudie afleidings te maak ten opsigte van die graad van opleibaarheid van die geestelik vertraagde Downsindroomkind. Hierdie gegewens word dan geïntegreer met vraelysresponse. Deur middel van die vraelystegniek is ge= poog om 'n teoretiese raamwerk van beskikbare, resente gegewens rakende die opleiding van die Downsindroomkind in opleidingsentrums te versamel. Alleen op hierdie wyse kan 'n bepaalde hipotese geformuleer en deur ekspe= rimentele navorsing geverifieer word.

### 7.3 Samestelling en toepassing van die vraelys (Bylaag 1)

Die vraelys is gerig aan die hoofde van die opleidingsentrums in Suid-Afri= ka met die versoek om inligting te verskaf met betrekking tot die oplei= bare geestelik vertraagde Downsindroomkind. Hiervolgens word die vraelys dan geklassifiseer as 'n indirekte of ekstrospektiewe vraelys. 'n Groot aantal vrae bevat gestruktureerde antwoorde om die respondent se gedagtes rondom bepaalde moontlikhede te sentreer. Daar is ook 'n aantal ope vrae waarop die respondent die vryheid het om sy persoonlike ervaring weer te gee.

#### 7.3.1 Doelstellings met die vraelys

Die doel van die vraelys is om inligting in te win met betrekking tot: a) die geskiedenis, organisasie en beheer van die sentrum (Afdeling A); b) die klassifiseringswyses en opleidingsprogramme vir die kind met Downsin= droom in die opleidingsentrum (Afdeling B).

### 7.3.2 Lengte van die vraelys

Daar is gepoog om die vraelys so kort as moontlik te hou, maar terselfder= tyd wou alle inligting wat van belang is tog bekom word. In die finale re= daksie van die vraelys is 19 items opgeneem. Respondente sou dus waarskyn= lik nie op grond van die lengte van die vraelys versuim om dit te voltooi nie. Lovell (1970, p. 94) sê dat die lengte van die vraelys net nie 30 vrae moet oorskry nie.

### 7.3.3 Rangskikking van vrae

Deur die plasing van feitelike vrae ten opsigte van die geskiedenis, orga= nisasie en beheer van die sentrum in Afdeling A word die respondent gelei= delik voorberei vir die moeiliker vrae in Afdeling B. In Afdeling B is daar ook gepoog om van maklike (algemene) na moeiliker (spesifieke) vrae oor te gaan.

### 7.3.4 Respondente

As gevolg van die feit dat die opleidingsentrums tot op 1 April 1975 op pri= vaatgrondslag gefunksioneer het, beskik die hoofde en personeel van die onderskeie sentrums nie almal oor die nodige onderwyskwalifikasies wat no= dig is om die items van die vraelys te voltooi nie. Hierdie stelling is veral waar ten opsigte van inrigtings wat groot getalle permanent-inwonen= de kinders en slegs enkele dagsorggevalle het. Daar is wel vraelyste aan hierdie inrigtings gestuur omdat daar moontlik persone in beheer mag wees wat oor betekenisvolle kennis met betrekking tot die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind beskik.

Na die aanvanklike opstelling van die vraelys is dit aan wyle Mev. A. Bis= choff, in lewe hoof van die E.S. le Grangesentrum, voorgelê om moontlike onduidelike en dubbelsinnige vrae aan te toon. Vir hierdie redigering kon nie meer persone betrek word nie, omdat die reeds beperkte getal respon= dente daardeur nog meer uitgedun sou word. Die vraelys is ná hierdie same=

spreking hersien en in sy finale vorm opgestel. Die vraelyste is daarna saam met 'n begeleidende brief aan die respondente gestuur.

7.3.5 Begeleidende brief (Bylaag 2)

In die begeleidende brief is daar gepoog om 'n begeerte by die respondent te wek om moontlike gereserveerde, parate kennis funksionele waarde te gee deur dit bekend te stel. Die doelstellings van die vraelys is ook dui= delik uiteengesit. Om outoriteit hieraan te verleen, het Prof. H.B. Kruger as byvoeging 'n beroep gedoen op die samewerking van die respondent in dié aktuele saak. Die keerdatum van terugsendings is op 'n maand ná ont= vangs gestel.

7.3.6 Die opvolgbrief (Bylaag 3)

As gevolg van die feit dat die opleidingsentrums die kalender van die ver= skillende provinsiale onderwysdepartemente volg, het 'n hele aantal van dié sentrums die vraelyste in hulle vakansie ontvang. Dit was waarskynlik die belangrikste rede hoekom daar ná die verstryking van die keerdatum slegs 53% van die vraelyste terugontvang was. 'n Opvolgbrief is uitge= stuur waarin die belangrikheid van samewerking om kennis oor hierdie onder= werp te verbreed, weer eens beklemtoon is en 'n beroep is gedoen op respon= dente om die voltooide vraelyste so gou as moontlik terug te stuur.

7.3.7 Terugontvangstes

As resultaat van die opvolgbriewe is daar tot op 1 September 1975, wat as keerdatum gestel is, nog 10% vraelyste terugontvang. Hiervolgens is be= sluit dat 63% terugontvangstes te laag is om beduidende afleidings te maak. Daar is vooraf 'n 70% terugontvangste as minimum vereiste vir beduidendheid van resultate gestel.

Die volgende stap waarop besluit is om die vereiste aantal terugsendings te verseker, is telefoonoproepe. Elkeen van die oorblywende respondente waarmee ondersoeker 'n persoonlike gesprek gevoer het, het dieselfde rede verstrek waarom die vraelys nog nie teruggestuur is nie: omdat die respon= dente nie al die vrae in die vraelys kon beantwoord nie,as gevolg van ge= brek aan kennis van die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind, was hulle nie bereid om 'n halfvoltooide vraelys terug te stuur nie. As reaksie op die telefoonoproepe is 'n verdere 8% vraelyste terugontvang. Met 'n 71% terugontvangste is daar dus aan die gestelde kriterium voldoen.

### 7.3.8 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die gebruik van die vraelys as ondersoekmiddel eerstens gemotiveer. Die samestelling van die vraelys is verder onder die volgende hoofde bespreek: doelstellings en lengte van die vraelys, rang= skikking van vrae in Afdeling A en B, respondente en redigering van die vraelys. Hierna is die begeleidende en opvolgbrief bespreek. Die hoofstuk word afgesluit met die bespreking van die terugontvangstes.

In hoofstuk 8 sal vraelysresponse aangebied word ten opsigte van die oplei= dingsgeleenthede vir opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkinders en die voor- en nadele van inrigting- en tuisversorging bespreek word.